

Pretoria- 13 Februarie 2011

**Skriflesing:** Esegïel 23:1-35

Teks: **Esegïel 23:17b**

**Sing- Ps. 45:1,8,9; Ps. 97:1,5; Ps. 123:1,2; Ps. 48:5**

Ons het al dikwels die verhouding tussen God en sy kerk as 'n besondere verbondsverhouding moes bely. Broeder en suster, daarom is die verhouding waarmee God tot ons kom dikwels in die mees intieme taal te beskrywe. Die intensiteit en die intimiteit van 'n huwelik is en bly altyd 'n heilige saak. Ook die oortredinge in en vanuit die huwelik is so erg en grof dat as daar op huweliksterrein oortree word, dat die oortreding op die heilige terrein in die mees growwe en harde taal blootgelê word. Ons het in Esegïel 23 weer iets hiervan. In Esegïel 16 was die sonde van Juda deur middel van 'n baie slegte vrou (die Bybel noem haar 'n hoer) uitgebeeld.

\*\*\*

In Esegïel 23 sien ons vandag die trefwydte waarmee God na ons kom slaan nog baie wyer as daardie deel van die volk wat hulle tot sulke lae standarde verneder het. God gaan sovêr om aan ons te wys Hy wat God is, het werklik alles gegee dat die verbond wat Hy met ons gesluit het, moet werk. Op die oog af slaan God weer sy verhouding tot sy kinders so hoog dat dit in huwelikstaal geskryf staan. Trouens mens wil op die oog af eintlik huiwer om die erns hiervan te erken, want God beskryf sy verhouding tot sy kinders selfs in terme van meer as een vrou. Twee vroue wat tot een huwelik verbind moes staan, nie dat dit twee huwelike kan wees nie en die twee vroue dra die besondere name van *Oholah* en *Oholiba*.

As God twee vroue as simbole in hierdie hoofstuk inbring, dan hang dit saam met wat in die een volk Israel gebeur het. Die volk wat uit twaalf stamme bestaan het, het in die sondige aard en verloop van hoe mense eenheid kan verbreek, in twee verdeel. Die noordryk met Samaria as hoofstad, bestaande uit tien stamme en die suidryk met Jerusalem as hoofstad bestaande uit twee stamme.

Daarmee die sinspeling van twee vroue, sonder dat God ooit dit wou goedkeur dat poligame huwelike ook maar reg is of dat God dit wou goedkeur dat wat Hy saamgevoeg het, die mens dit mag skei.... maar in Israel het hulle so verdeeld geraak- hulle het geskei tot twee ryke- die noorde en die suide! God buig so laag na ons neer, dat God dan maar toelaat dat in ons sondig verwilderde wêreld waar een man nie net tot een vrou verbind was nie, dat God die ontaarde werklikheid tussen mense as beeld gebruik wat God dan ook op Homself van toepassing maak.

Pretoria- 13 Februarie 2011

Op die wyse kom ons voor die besef wat gebeur wanneer die heilige van God se sake deur ons as mense op die altaar geplaas word. Ons is daartoe geneig uit wat ons natuur is om God nie lief te hê nie, maar van nature geneig om God en ons naaste te haat. Vandag besef ons dit in Eseg. 23 weer intens...

\*\*\*

In vv 5-11 staan eerste Samaria. Sy is Ohola. Ohola gewoon afgelei van die woord אֹהֶל 'ohel {o'-hel} – wat gewoon TENT beteken– die woord Ohola sal dan vertaal kan word, as *HAAR EIE TENT...* Daar in haar tent, 'n tent wat tog tydelike woonplek op aarde is. God wat by ons wil kom woon, in die Bybel praat ons ook van God wat by ons wil kom tabernakel. Hier het die Tienstammeryk met hulle sentrum in Samaria nie in God se tent wou kom nie, maar hulle eie tent, hulle eie ontrou teenoor die Here is op verskeie plekke en maniere duidelik gemaak. In Bethel en in Dan, elkeen in haar eie tent het hulle die goue kalwers ingebring. Daarom noem God vir haar wat Syne moes wees- *Ohola-* haar eie tent.

Haar suster word genoem afgelei van dieselfde ohel-stam – *Oholiba-* wat nog meer intieme betekenis dra- *MY TENT IS IN HAAR...* In Jerusalem, in die sentrum van die stad is waarlik God se tempel geleë gewees. 'n Mens sou dink hierdie suster, Oholiba, omdat God se heiligdom so in haar stad was, my tent is in haar, dat sy tog nog nader aan die Here moes wees. Trouens die ontrou van Ohola en hoe Ohola gestraf sou word, die Tienstammeryk is weggevoer, soos water in die woestyn het die stamme weggeraak, dat dit vir Oholiba as waarskuwing moes dien wat kan gebeur. Tog het Oholiba nie in die voorbeeld van haar suster die teendeel wou doen nie. Van erg na erger het dit gegaan. Oholiba het nog erger teenoor die Here opgetree.

\*\*\*

Hoe Esegïel dit beskryf dat die vrou Oholiba iets van 'n plakkaat liefde ontwikkel vir net die prente van ander mans wat sy gesien het. Die blote afbeelding van Galdese soldate, prente van manne op die mure afgeteken het alreeds vir Oholiba teen daardie mure gehad. Manne wat in gordels geteken was, op besondere wyse geklee, met oorhangende tulbande om hulle koppe, almal offisiere dan is die Een Wie dit werklik omgaan vergete. Vers 16 sê - net toe sy hulle sien toe is die koeël al deur die muur- *sy het na hulle gesmag en boodskappers na hulle gestuur, na Chaldea toe...* Om jou rug so op die Here te draai, om in alles die ander manne raak te sien, maar die Een om Wie dit werklik vir ons moet gaan, is verskriklik.

Pretoria- 13 Februarie 2011

Prentjies van ander manne wat vir die kerk meer beteken as die lewende God se lewende Woord. Sy lewende belofte dat Hy wat God is vir hierdie vrou tot sy lewe wou bind.

\*\*\*

Beteken dit dan niks nie. Prente teen die stadsmure beteken vir die vrou meer as dit wat agter die tempelmure deur God in bewaring gehou was. Agter die tempelmure waar die bloed van die lammers hulle besondere betekenis sou dra, dit is nie maar prentjies nie, maar in elke offerlam se bloed was eintlik die een wat die offer bring se eie bloed wat geëis kon word. Daar agter die tempelmuur waar die ark van die Here staan, die versoendeksel, die bloed op die groot Versoendag daarop gesprinkel, waar die ark ook sou dui op die troon van God en die manna daarbinne, Aäron se kiere wat blare kon dra, selfs die manna in die woestyn, dit is nie maar net prente nie, dit is tasbare getuies van wat God vir hulle gedoen het.

Maar die vrou kom tot plastiek, haar liefde raak chirurgies, en sy verkies hierdie man prente bo God wat eintlik haar Man wou wees. Hierdie manne wat die vrou nog nooit eers in lewende werklikheid gesien het nie, is vir haar nou 'n groter aantrekking as die bondgenootskap wat daar met die Here kan wees. Oor die manne op die prente, oor hulle krag en vermoëns word daar gedroom al was daar nog nooit enige persoonlike guns wat van hulle aan Oholiba kon skenk nie.

\*\*\*

Dan wys Esegïël vir ons hoe daar veral een held was, 'n man met die naam Merodag-Baladan, een van die hoof offisiere in die Chaldeeuse ryk, veral op sy afbeelding het die Oholiba haar volkome wou gee. Hoe verskriklik is die mens nie, dat 'n prent van een wat nog nie eers daar was nie, dat so een meer eer kan ontvang as wat die heerlijkheid van God geprys en geëer kon word. Haar liefde vir wat sy dink liefde moet wees, word groter en ryper, dit bou in die profesie op, in vers 17 kom dit werklik op haar aan, die man laat homself geld, hulle verontreinig haar met hulle hoerery, ons teksvers skryf die volle mate neer. Sy het nog erger as haar suster Ohola gesondig. Growwer, geestelike afval van die Here kan ons nie kry nie. Sy het onrein geword deur hulle en skielik het sy 'n gevoel wat haar van die manne laat walg. Haar siel het van die manne vervreemd geraak.

\*\*\*

Hoe grof hierdie vrou ook al gesondig het, is duidelik, maar broeder en suster, om nou skielik daarvan weg te staan, haarself te vervreem van wat eintlik haar eie keuse was, dit raak die dieper punt in wat die Here deur Esegïël aan ons wil openbaar. Dit lyk of sy dalk tot die

Pretoria- 13 Februarie 2011

punt van bekering kan vorder, maar dan gebeur wat ons so versigtig voor moet wees. So vinnig soos haar liefde vir hierdie Merodag-Baladan ontvlam het, net so vinnig het dit weer verkoel. Die politieke flirtasie was verby. Na alles 'n bitter teleurstelling, maar wat doen die vrou toe verder.

Sy het geen ware berou wou betoon nie. Geen verootmoediging en werklike afkeer van haar sonde nie. Sy wat nie wil erken dat sy eintlik onnosel gehandel het nie. Daardie insig dat Hy wat die Here is, die Man van haar verbond, dat Hy haar nooit so sou teleurstel nie, dit bestaan nie by haar nie. Sy wat haar siel van haar vervreemd sy vlug na die arms van nog weer 'n ander man. Die spyt oor haar liefde vir die Chaldeeuse soldaat word geen ware berou nie, maar nou word daar na Egipte gekyk.

\*\*\*

Dit wat sy in die Egiptenare soek word 'n nog verdere dwaling. Sy het haar hoerery in Egipte net meer gemaak- V.19- *Sy het haar hoerery baie gemaak deur te dink aan die dae van haar jeug toe sy 'n hoer was in Egipteland...* Oholiba walg aan haar vorige optrede, maar haar walging bring haar niks nader aan die Here nie. Om oor jou optrede baie spyt te wees is nie genoeg nie. Ware bekering gaan nie maar net daarvoor om op te hou om iets te doen maar ek doen ook niks beter in wat ek veronderstel is om te doen nie. Die land van hulle slawerny, ja Egipteland waar die Here haar uit daardie slawehuis uitgelei het, nou gaan die vrou Oholiba terug na die land waaruit die verlossing was.

Dit is mos verskriklik. Die land waar die paaslammers geslag was, die bloed aan die deurkosyne gesmeer was, deur daardie kosyne, deur daardie poorte het Israel vry kon uitgaan, ja die poorte het nog wyer oopgegaan, die see wat hulle uit daardie land sou neem het sy water na die kante vasgesteek dat hulle deur die see kon trek, ja as't ware het daar in die see poorte vir hulle oopgegaan waar hulle kon deur. Nou gaan Oholiba terug na Egipte... sy wil teruggaan. Dink jou dit... die verwerping van die vryheid wat God haar wou skenk word eintlik na God teruggegooi. Sy wil die water weer stroomop oor haar laat vloei...

\*\*\*

Eintlik alles en alles saamgevat is dit 'n verwerping van die Messias, want alleen in Hom kon daar verlossing kom. Die verlossing is vir haar soos iets wat sy nie wil hê nie. Sy wil maak asof sy daarsonder kon klaarkom. Sy wil glo dat Egipte is net die man vir my, want wat

Pretoria- 13 Februarie 2011

Jesus Christus vir haar en vir ons sou doen, is vir haar van geen belang meer nie. Oor Merodag-Baladan is sy vol walging oor Egipte is sy vol verwagting.

\*\*\*

Broeder en suster, wanneer walg die Here aan 'n mens, ja ons kan dit so stel. Die mens is in staat om dinge te doen wat die Here laat walg. Dit is vir God 'n walging as mense in hulle optrede verandering wil maak maar die verandering is heeltemal maar weer in lyn met wat die sonde was. Hierdie vrou wat 'n afkeer kry in wat haar siel vervreemd gelaat het, maar haar afkeer is geen ware terugkeer na die Here nie. Sy gaan maar net nog weer op 'n ander pad weg van die Here af. As ons v.18 lees waar die Here daarop wys hoe Hy wat die Here is van haar vervreemd geraak het, soos Hy van haar suster Ohola net so vervreemd was, dan kan ons nie genoeg daarop wys hoe ernstig dit is as die Here, Hy wat God is, vervreemd kan raak van 'n mens nie.

\*\*\*

As mense hulle hoop op ander mense begin bou, dan loop daar al so baie dinge verkeerd. Daar waar 'n volk hulle leiers in portrette die voorhuisse laat ophang het, mense wat in hulle duisende op ander mense hulle hoop bou, wat het daarvan geword.... So is daar met Hitler gemaak, ons kan ons eie geskiedenis ook bedink, waar 'n Kruger of 'n Botha, of 'n Smuts of 'n Hertzog of 'n Malan, of 'n Strijdom, Verwoerd, of 'n De Klerk of Treurnicht of Mandela, maak nie saak wie nie, as 'n ander mens die raampie geword het, wáár rondom ek my lewe wil bou, dan is Hy wat die Christus is reeds daarvan vervreem. Al is dit dalk nie eers die leier se skuld nie. Mense wat diesulkes verafgod, dit is hulle wat die skuld dra. Dit is eintlik so belaglik soos die Oholiba se portretliefde, manne teen 'n muur afgeteken, die liefde wat mense ander mense mee kan aanhang.

\*\*\*

Terwyl as ons vandag hierna kyk, baie jare nadat die Here, hierdie twee vroue tot voorbeeld wou stel, dan kyk ons nie na die prentjie van iemand teen 'n muur geteken nie, nee die Een na Wie ons vandag vanuit die Woord na moet kyk, is Hy wat nie maar net 'n prentjie in ons gedagtes moet vorm nie, maar dit is Hy wat ons lewens moet vorm. Hy wat sy lewe vir ons gegee het, wat in alles ons voorgegaan het, dat daar by ons nie hierdie skynbekering moet wees nie, maar die bekering wat anders moet wees. Oholiba het so ampertjies die begin wou maak deur van Merodag-Baladan ontslae wou raak, dit is die begin van bekering, kry 'n afkeer van wat die verkeerde is, maar terwyl mense nog hulle asem sou inhou, wat gaan

Pretoria- 13 Februarie 2011

hierdie vrou nou doen, toe het sy klaar die verkeerde weer begin doen. Dit is geen ware bekering nie.

Dit laat ons onwillekeurig by wat die Here Jesus ons ook by gebring het, wanneer die huis van ons lewe skoongemaak moet word- Die gedeelte in Mattheus 12 is waarby dit kom-  
 - *En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie.* <sup>44</sup> *Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier.* <sup>45</sup> *Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bese geslag.*

Dit is skynbekering, wanneer die huis van my lewe se vertrekke alles mooi skoon gemaak word, dit word in alles uitgevee, maar die leë ruimtes in hierdie skoonheid word nie met die waarheid van God en sy lewende Woord, met die Christus van God moet ons lewens mee gevul wees. Dit kan alleen deur sy Heilige Gees gebeur. Wanneer daar na die Nagmaalsformulier gekyk word, maar ook die Doopformulier, dan is die betekenis van die name Ohola en Oholiba eintlik ook ter sprake. Beide wat met 'n huis, met 'n tent te doen het, Oholiba wat selfs beteken- *My tent is in haar*- Ons sou kon sê – MY HUIS IS IN HAAR...

Die Heilige Gees wil dit elke dag vir jou sê- MY HUIS IS IN JOU... Die Heilige Gees wil vir jou en my ook Oholiba noem, maar is ons werklik in wat die Here deur sy Gees ons wil noem?! Wanneer die Here in jou is, soos ons in die formuliere dit aantref dan mag daar nie valse bekering wees nie, want skynbekering is vals. Ek moet 'n afkeer van myself kan verkry wanneer ons oor ons sonde nadink, ek moet daaraan dink hoe vervloek ek eintlik is en met 'n diepe berou ons hieroor voor God verootmoedig. So staan dit ook in ons Doopsformulier, om onself te mishag het altyd 'n tweede regte kant. Sêlf mishag moet word verootmoediging, anders is dit vals, want sonder verootmoediging mag ek dink ek het myself mishag, maar dit het my eintlik nie na die Here toe gebring nie, maar my na iemand anders gedryf soos Oholiba na Egipte wou terug. Ons moet wel ons reiniging en saligheid buite onself soek, maar so belangrik is hierdie buite onself dat ek besef Hy nou buite My is in die hemel by God en na Hom toe moet ons vlug. Hy wat buite jou vir jou kan sê – OHOLIBA- *My huis is in jou...*

Pretoria- 13 Februarie 2011

Die lewe van inkeer en afkeer word 'n toekeer. Inkeer in ons self, afkeer van ons sonde, toekeer tot God. Die Oholiba vrou van Esegïël 23 het wel net hiermee wou begin, sy keer haar weg van haar portretman, maar dan stop dit. Daar was nie eers behoorlike inkeer nie, dan kan daar van afkeer en toekeer geen sprake wees nie.

\*\*\*

Wanneer ons binne enkele weke van nou af weer die Nagmaal mag vier dan besef 'n mens dat in ons elkeen daar eintlik vier mense lewe. Die een wat die wêreld sien, die een wat ons vriende sien, die een wat ons self sien en dié een wat God sien. En tog is die laasgenoemde eintlik die werklike een, God wat alles sien. Al wat tel is hoe God na jou kyk. Hy wat nie jou gesig in die raam van 'n portret plaas nie, maar wat Homself in ons afgeteken het, toe Hy ons na sy Beeld geskape het. Daardie beeld wat Christus nie maar net die raam moes herstel nie, maar Hy moes die volle Adam kom vervang, Hy wat die tweede Adam moes wees, want die eerste Adam het die beeld uit sy raam laat val, dit het na alle kante stukkend gebreek. Die raam en alles daarbinne.

Nou is Christus die Een na Wie God kyk. In alles moet Christus die Een wees, daarom as God jou nou Oholiba noem, watter voorreg, watter genade om so genoem te mag word, want ek kan wees wat God sê ek is- MY HUIS IS IN JOU, maar dan moet ek dit werklik vir God wil wees. Myself mishaag, my voor God verootmoedig want God het my gemaak wat ek uit myself nie kon wees nie. Oholiba.

AMEN